1 Timoteus 1:3-11 – Geloofslewe moet pas by Geloofsleer

Paulus fokus hier op die regte verstaan en gebruik van die wet. Dit is uiters belangrik om raak te sien dat hy moeite doen om die wet as in ooreenstemming met die evangelie (vers 11) te koppel! Die fokus van die evangelie is om vir dié sonde te kan nee-sê weens insig wat gelowiges in die heerlikheid van die "*goeie God*" verkry sodat hulle Hom kan dien.

Dit is met hierdie woorde in gedagte – die regte begrip en gebruik van die wet; die regte begrip en verstaan van die evangelie – en daarby ook vir Paulus as voorbeeld van hoe God se genade werk, dat Timoteus die goeie stryd moet stry, aan die geloof moet vashou en 'n goeie gewete moet behou.

Let ook op dat die volle OT wet volgens Paulus geldig bly vir almal wat die Here nie dien nie. Daarom kan 'n mens die afleiding maak dat dit juis die wet se verbod is op sondes wat die huwelik bedreig – die sewende gebod op egbreuk – wat waarskynlik die agtergrond is vir die twee woorde wat hier met onsedelike (*pornois*) en selfdegeslag (*arsenokoitai*) gedrag verbind word.

Die ander Griekse woord in die konteks, ontvoerders (*andrapodistês*), het ook die moontlikheid van 'n seksuele konnotasie, maar is myns insiens nie soseer op die onderwerp van toepassing nie (vgl. egter kommentare wat hieroor verskil as jy meer daaroor wil lees).

Die woord *pornois* – wat wat met immorele seksuele gedrag, manlik of vroulik in verband gebring kan word – word deur die BDV interpreteer as dat dit in kombinasie met *arsenokoitai* op "*manlike prostitusie*" dui, op voetspoor van die wyse waarop *malakoi* in verbintenis met *arsenokoitai* in 1 Kor. 6 as selfdegeslag gedrag geïnterpreteer word. Dit is 'n interessante perspektief op die wye reeks betekenisse wat aan *pornois* geheg kan word.

Die ander woord wat in die "*sondelysie*" belangrik is, is: "*mans wat met mans intiem verkeer*", 'n woord wat ons alreeds hanteer het by 1 Korintiërs 6. Dit is die woord *arsenokoitai* – wat ons ook reeds uitgelê het in die betekenis van die aktiewe selfdegeslag seksuele party. Kyk dus in my bydrae oor 1 Korintiërs 6:11.

Ons volstaan dus met hierdie interpretasie, behalwe om te beklemtoon dat dit in die konteks van die uitleg van die Tien Gebooie duidelik 'n ononderhandelbare onderwerp vir Paulus was. Hy is konsekwent negatief in sy hantering nie net van enige tipe seksuele dade wat die familie en die huwelik bedreig nie, maar ook van enige selfdegeslag seksuele gedrag, of dit nou teen betaling/weens ontvoering was of nie. Dit pas nie in by sy prentjie van die huwelik en die gesonde uitlewing van seksualiteit nie.